basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## MUSIEK V2

## NOVEMBER 2025

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 30**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 18 bladsye.**

Testpapers.co.za Testquestions.co.za

## AFDELING A: GEHOOR (VERPLIGTEND)


| |
|---|
| *Nota aan die nasiener: Kandidate moet krediet ontvang vir enige korrekte antwoorde wat nie in hierdie nasienriglyne voorkom nie.* |

### VRAAG 1

Snit 1

1.1 Noteer die ritme van die ontbrekende note in maat 3 en 4.

**Antwoord:**




6 x ½ (3)

Snit 2

1.2 Noteer die ontbrekende note by (A) en (B) in balk- of solfanotasie.

**Antwoord:**




*Toonhoogte en ritme moet korrek wees: 2 x ½* (1)

**[4]**

**VRAAG 2**

2.1 Identifiseer die kadense aan die einde van ELK van die volgende TWEE uittreksels.

Snit 3

2.1.1 **Antwoord:** Onvolmaakte kadens *1 punt* (1)

Snit 4

2.1.2 **Antwoord:** Volmaakte kadens *1 punt* (1)

2.2 Beantwoord die volgende vrae deur 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie te maak.

Snit 5

2.2.1 Identifiseer die mees prominente tekstuur aan die begin van hierdie uittreksel.

| KRITERIA | ANTWOORD |
|---|---|
| Monofonies | **X** |
| Polifonies | |
| Homofonies | |
| Roep en antwoord | |

*1 punt* (1)

Snit 6

2.2.2 Identifiseer die mees prominente komposisietegniek.

| KRITERIA | ANTWOORD |
|---|---|
| Melodiese sekwens | |
| Ritmiese herhaling | **X** |
| Verkleining | |
| Nabootsing | |

*1 punt* (1)

Snit 7

2.2.3 Watter EEN van die volgende beskryf die metrum?

| KRITERIA | ANTWOORD |
|---|---|
| Drieslagmaat | |
| Vierslagmaat | |
| Onreëlmatige tydmaat | **X** |
| Saamgestelde tydmaat | |

*1 punt* (1)

Snit 8

2.2.4 Watter EEN van die volgende beskryf die koor?

| KRITERIA | ANTWOORD |
|---|---|
| SATB | **X** |
| TTBB | |
| SAB | |
| SSA | |

*1 punt* (1)

Snit 9

2.3 Dui TWEE beskrywings in KOLOM A aan wat met die musiek in Snit 9 verband hou. Maak 'n kruisie (X) in TWEE toepaslike blokkies.

| KOLOM A | ANTWOORD |
|---|---|
| Pentatoniese toonleerpassasie, afgaande beweging | **X** |
| Heeltoontoonleer, opgaande beweging | |
| Klavier en afgaande parallelle oktawe | **X** |
| Opgaande parallelle vyfdes en polifonies | |
| Glissando-agtige passasie oor 'n wye omvang | **X** |

(2 x 1) (2)

(8 ÷ 2) **[4]**

**TOTAAL AFDELING A: 8**

**AFDELING B: HERKENNING VAN MUSIEKKONSEPTE**

**Beantwoord VRAAG 3 (IAM)**
**OF VRAAG 4 (JAZZ)**
**OF VRAAG 5 (WKM).**

*Nota aan die nasiener: as 'n kandidaat meer items vir 'n vraag invul as wat vereis word, moet slegs die eerste antwoorde nagesien word.*

**VRAAG 3: INHEEMSE AFRIKA-MUSIEK (IAM)**

3.1 Luister na die volgende snitte. Dui DRIE items in KOLOM A aan wat met die musiek in Snit 10–12 verband hou. Maak 'n kruisie (X) in DRIE toepaslike blokkies vir ELKE snit.

Snit 10

3.1.1

| KOLOM A | ANTWOORD |
|---|---|
| Matige vierslagmaat | |
| Roep deur koor, antwoord deur solis | |
| Gesinkopeerde ritmiese patrone | **X** |
| Krepitasie in inleiding | **X** |
| Umrhubhe-begeleiding | |
| Beenratels en liggaamsperkussie | **X** |
| Melodie in unisoon | |
| Lewendige tempo in drieslagmaat | **X** |

(3 x 1) (3)

Snit 11

3.1.2

| KOLOM A | ANTWOORD |
|---|---|
| Basstemsolis | |
| Ululasie en vokale klankeffekte | **X** |
| Manlike en vroulike koor | |
| Lewendige en feestelike stemming | **X** |
| Poliritmes tussen instrumente | |
| Akoestiese kitaarbegeleiding | |
| Sikliese akkoordprogressie: I – IV – $I^6_4$ – V | **X** |
| Ostinato op die tromme en bas | **X** |

(3 x 1) (3)

Snit 12

3.1.3

| KOLOM A | ANTWOORD |
|---|---|
| Herhalende liggaamsperkussie-patrone | **X** |
| Parallelle beweging in melodie | **X** |
| Isicathamiya | |
| Afgaande melodiese sekwense | |
| Botoonsang/umngqokolo | **X** |
| Improvisasie | |
| Roep en antwoord tussen solis en groep | **X** |
| Reëlmatige frases | |

(3 x 1) (3)

Snit 13

3.2 Beantwoord die volgende vrae wat met hierdie uittreksel verband hou.

3.2.1 Identifiseer die volgende eienskappe wat jy in hierdie uittreksel hoor:

**Antwoord:**
**Tonaliteit**
- Mineur

**Komposisietegniek in koorbegeleiding**
- Herhalende motief/ostinato

**Koor**
- Vrouestemme/SA/Sopraan- en alt-stemtipes

(3 x 1) (3)

3.2.2 Watter styl word in hierdie uittreksel verteenwoordig?

**Antwoord:** Malombo *1 punt* (1)

Snit 14

3.3 Beantwoord die volgende vrae wat met hierdie uittreksel verband hou.

3.3.1 Noem EEN gewilde kunstenaar/groep wat met hierdie uittreksel geassosieer word.

**Antwoord:**

- Ladysmith Black Mambazo/Joseph Shabalala *1 punt* (1)

3.3.2 Beskryf die volgende elemente wat jy in hierdie uittreksel hoor:

**Antwoord:**
**Harmonie**

- Gebruik van primêre akkoorde: I – I – IV – V
- Sikliese akkoordprogressie
- Parallelle beweging in stemme

**Ritme**

- Gesinkopeerde ritmes
- Herhalende ritmiese motiewe

**Metrum**

- Enkelvoudige vierslagmaat

(3 x 1) (3)

Snit 15

3.4 Dui DRIE items in KOLOM A aan wat met die musiek in Snit 15 verband hou. Maak 'n kruisie (X) in DRIE toepaslike blokkies.

| KOLOM A | ANTWOORD |
|---|---|
| Izihlabo in vrye tydmaat gevolg deur ‘n reëlmatige ritme | X |
| Afgaande akkoordprogressie | |
| Konsertina speel 'n akkoord op elke maatslag | X |
| Agtergrondsangers sing in unisoon saam met solis | |
| 'n Herhalende akkoord wat in matige tempo gespeel word | X |
| Izibongo in 'n vinnige tempo | |
| Konsertina-, kitaar-, idiofoon- en baskitaarbegeleiding | X |

(3 x 1) (3)

Snit 16

3.5 Beantwoord die volgende vrae wat met hierdie uittreksel verband hou.

3.5.1 Beskryf die inleiding in hierdie uittreksel.

**Antwoord:**
- Dit begin met die orrel.
- Die orrel speel aangehoue akkoorde met 'n melodielyn wat bygevoeg word.
- Die baskitaar en tromstel stel daarna die maatslag vas.
- Die orrel speel vryelik aan die begin, waarna dit 'n reëlmatige ritme speel wanneer die tromstel, kitaar en baskitaar begin saamspeel.
- Die elektriese kitaar voeg dan melodiese versierings (‘fills’) by.
- Die groep herhaal 'n akkoordpatroon twee keer voordat die sangers begin sing.

(2 x 1) (2)

3.5.2 Identifiseer die styl en groep van die liedjie waaruit hierdie uittreksel geneem is.

**Antwoord:**
**Styl:** Mbaqanga
**Groep:** Soul Brothers

(2 x 1) (2)

Snit 17

3.6 Beantwoord die volgende vrae wat met hierdie uittreksel verband hou.

3.6.1 Noem die instrument wat die melodie speel.

**Antwoord:** Saksofoon *1 punt* (1)

3.6.2 Noem die melodiese instrument wat oorspronklik met hierdie styl geassosieer is.

**Antwoord:** Penniefluitjie *1 punt* (1)

3.6.3 Beskryf die melodie.

**Antwoord:**
- Dit bestaan uit kort, herhalende motiewe.
- Die melodie bestaan hoofsaaklik uit akkoordnote met trapsgewyse beweging op plekke.
- Die melodie begin met 'n kort tema wat vier keer herhaal word.
- Die melodie bly binne die tonale raamwerk.
- Die melodie het 'n gesinkopeerde ritmiese gevoel.

(2 x 1) (2)

(28 ÷ 2) **[14]**

**TOTAAL AFDELING B: 14**

**OF**

**VRAAG 4: JAZZ**

4.1 Luister na die volgende snitte. Dui DRIE items in KOLOM A aan wat met die musiek in Snit 18–20 verband hou. Maak 'n kruisie (X) in DRIE toepaslike blokkies vir ELKE snit.

Snit 18

4.1.1

| KOLOM A | ANTWOORD |
|---|---|
| Blues-invloede | |
| Gesinkopeerde ritmes en homofoniese tekstuur | **X** |
| Marstempo in enkelvoudige tweeslagmaat | **X** |
| Gesinkopeerde linkerhand-stride | |
| Herhalende melodiese figure in die boonste party | **X** |
| Sikliese progressie van vier akkoorde | |
| Marstempo in saamgestelde tweeslagmaat | |
| Opgaande chromatiese beweging in begeleiding | **X** |

(3 x 1) (3)

Snit 19

4.1.2

| KOLOM A | ANTWOORD |
|---|---|
| Gesinkopeerde melodielyn op klavier | **X** |
| Homofoniese tekstuur in drieslagmaat | |
| Avant-garde jazz | |
| Inleiding begin op die eerste maatslag | **X** |
| Swing-ritme met improvisasie in horingseksie | |
| Lewendige danstempo in vierslagmaat | **X** |
| Lopende baslyn | **X** |
| Bastromboon en tromstel in ritmeseksie | |

(3 x 1) (3)

Snit 20

4.1.3

| KOLOM A | ANTWOORD |
|---|---|
| Onreëlmatige tydmaat en vinnige tempo | |
| Hoofmelodie is in 'n mineur | X |
| Siklus van twee akkoorde | X |
| Hoofmelodie op trompet | |
| Baskitaar verdubbel die ostinato-figuur | |
| Ostinato-figuur op gedempte elektriese kitaar | X |
| Invloede van orkestrale jazz-styl | |
| Chordofoon- en perkussie-begeleiding | X |

(3 x 1) (3)

Snit 21

4.2 Beantwoord die volgende vrae wat met hierdie uittreksel verband hou.

4.2.1 Identifiseer die volgende eienskappe wat jy in hierdie uittreksel hoor:

**Antwoord:**
**Stemtipe van solis**
- Alt/Kontralto/Mezzo-sopraan

**Tydmaatteken**
- $\frac{4}{4}$

(2 x 1) (2)

4.2.2 Beskryf kortliks die kitaarbegeleiding.

**Antwoord:**
- Dit het 'n arpeggiomatige inleiding.
- Dit begin op 'n dominant akkoord.
- Die begeleiding is lig.
- Beide melodiese en akkoord “fills” word gehoor.

(2 x 1) (2)

4.2.3 Watter ander instrument speel die begeleiding?

**Antwoord:** Kontrabas

*1 punt* (1)

Snit 22

4.3 Beantwoord die volgende vrae wat met hierdie uittreksel verband hou.

4.3.1 Noem TWEE marabi-invloede wat in hierdie uittreksel gehoor word.

**Antwoord:**
- Sikliese akkoordprogressie
- Prominensie van die klavierparty
- Voorbereide perkussiewe klavierklank

(2 x 1) (2)

4.3.2 Beskryf die volgende elemente wat jy in hierdie uittreksel hoor:

**Antwoord:**
**Harmonie**
- Gebruik van primêre akkoorde I – IV – V
- Harmoniese siklusse in vier-maat patrone/Sikliese akkoordprogressie
- Gebruik van 'n dominant 7$^{de}$ op die tonika akkoord

**Ritme**
- Bestendige maatslag en ostinato op die snaartrom
- Gesinkopeerde ritmes word deur al die instrumente gebruik

**Metrum**
- Enkelvoudige vierslagmaat

(3 x 1) (3)

Snit 23

4.4 Dui DRIE items in KOLOM A aan wat met die musiek in Snit 23 verband hou. Maak 'n kruisie (X) in DRIE toepaslike blokkies.

| KOLOM A | ANTWOORD |
|---|---|
| Oop hi-hat en bastrom speel op die polsslag | |
| Sikliese akkoordprogressie met koperblaas- en houtblaasverwerkings | X |
| Ragtime- en blues-invloede | |
| Gesinkopeerde melodieë | X |
| Vrye improvisasie met alternerende vier-akkoord-siklus | |
| Reëlmatige metrum met voortstuwende riff deur tromstel en baskitaar | X |
| Ritmiese lae in klavier- en horingpartye | X |

(3 x 1) (3)

Snit 24

4.5 Identifiseer die titel en styl van hierdie liedjie.

**Antwoord:**
**Titel**: *Jikel' Emaweni*

**Styl**: Marabi

(2 x 1) (2)

Snit 25

4.6 Beantwoord die volgende vrae wat met hierdie uittreksel verband hou.

4.6.1 Noem die instrument wat die melodie speel.

**Antwoord:** Saksofoon *1 punt* (1)

4.6.2 Noem die melodiese instrument wat oorspronklik met hierdie styl geassosieer is.

**Antwoord:** Penniefluitjie *1 punt* (1)

4.6.3 Beskryf die melodie.

**Antwoord:**
- Dit bestaan uit kort, herhalende motiewe.
- Die melodie bestaan hoofsaaklik uit akkoordnote met trapsgewyse beweging op plekke.
- Die melodie begin met 'n kort tema wat vier keer herhaal word.
- Die melodie bly binne die tonale raamwerk.
- Die melodie het 'n gesinkopeerde ritmiese gevoel.

(2 x 1) (2)

(28 ÷ 2) **[14]**

**TOTAAL AFDELING B: 14**

**OF**

**VRAAG 5: WESTERSE KUNSMUSIEK (WKM)**

5.1 Luister na die volgende snitte. Dui DRIE items in KOLOM A aan wat met die musiek in Snit 26-28 verband hou. Maak 'n kruisie (X) in DRIE toepaslike blokkies vir ELKE snit.

Snit 26

5.1.1

| KOLOM A | ANTWOORD |
|---|---|
| Adagio assai | |
| Enkelvoudige vierslagmaat in 'n mineur toonsoort | **X** |
| Allegro moderato | **X** |
| Kitare speel in 'n kontrapuntale styl | **X** |
| Arpeggiomatige begeleiding | |
| Saamgestelde tweeslagmaat in 'n mineur toonsoort | |
| Openingstema in 'n monofoniese tekstuur | **X** |
| Herhaling in verskillende stemme | |

(3 x 1) (3)

Snit 27

5.1.2

| KOLOM A | ANTWOORD |
|---|---|
| Orkes-aksente op die hoofpolsslag met ostinato bas | **X** |
| Standaard Klassieke orkes | |
| SSA | |
| Pedaalpunt op strykers | **X** |
| Prominente unisoonsang | **X** |
| Prestissimo | |
| Stemme, strykers en orkesbastrom | **X** |

(3 x 1) (3)

Snit 28

5.1.3

| KOLOM A | ANTWOORD |
|---|---|
| Majeur toonsoort met pedaalpunt | |
| Saamgestelde tweeslagmaat | |
| Rubato | **X** |
| Verminderde akkoorde in inleiding | **X** |
| Glissando | |
| Tonika-pedaalpunt in inleiding | **X** |
| Liriese melodie met onvolmaakte kadens | |
| Uittreksel eindig met volmaakte kadens | **X** |

(3 x 1) (3)

Snit 29

5.2 Beantwoord die volgende vrae wat met hierdie uittreksel verband hou.

5.2.1 Beskryf die volgende eienskappe wat jy in hierdie uittreksel hoor:

**Antwoord:**
**Stemtipe van solis**
- Bas

**Tydmaatteken**
- $\frac{3}{4}$

**Tipe koor**
- Manskoor/TTBB/Tenoor- en bas-stemtipes

(3 x 1) (3)

5.2.2 Wat is die simboliese rol van hierdie solokarakter in die opera?

**Antwoord:**
- Hoëpriester van wysheid
- Simbool van morele goedheid/kalmte/vrede/lig

*1 punt* (1)

Snit 30

5.3 Beskryf of noem die volgende eienskappe van die aria in hierdie uittreksel:

**Antwoord:**
- **Karakter**: Koningin van die Nag
- **Stemtipe**: Koloratuursopraan
- **Melodie**:
  - Die eerste vier-maat frase bevat 'n melisma.
  - Dit word in 'n baie hoë register gesing.
  - Dit het 'n baie wye omvang.
  - Dit sluit 'n vier-maat gebroke akkoord/arpeggiomatige melodie teen die einde van die uittreksel in.
  - Virtuose melodie
  - Die melodie word versier deur die gebruik van wisselnote
  - Nabootsing tussen die vokale melodie en dié van die orkes
  - Die melodie bevat dalende sekwense
  - Die melodie bevat frases wat herhaal

*Karakter = 1 punt*
*Stemtipe = 1 punt*
*Melodie = 2 punte*
*Sopraan = ½ punt*
*Koloratuur = ½ punt*

(4)

Snit 31

5.4 Dui VIER items in KOLOM A aan wat met die musiek in Snit 31 verband hou. Maak 'n kruisie (X) in VIER toepaslike blokkies.

| ITEMS | ANTWOORD |
|---|---|
| Eerste tema op tjello's en fagotte | |
| Begin van die heruiteensetting | |
| Uiteensetting | X |
| Houtblasers speel nie 'n prominente rol nie | |
| Liriese en wiegende tema op tjello's en fagotte | X |
| Herhaling van tema op houtblasers en strykers | |
| Wye dinamiese omvang en gebruik van sforzando | X |
| Simfonie | |
| Standaard Klassieke orkes | X |
| Motiefontwikkeling slegs in tjello-melodie | |

(4 x 1) (4)

Snit 32

5.5 Beantwoord die volgende vrae wat met hierdie uittreksel verband hou.

5.5.1 Noem die TWEE blaasinstrumente wat die tema in hierdie uittreksel speel.

**Antwoord:** Klarinet en fluit (2 x 1) (2)

5.5.2 Identifiseer die genre en komponis van die werk waaruit hierdie uittreksel geneem is.

**Antwoord:**
**Genre:** Konsert-ouverture
**Komponis:** F Mendelssohn

(2 x 1) (2)

Snit 33

5.6 Beantwoord die volgende vrae wat met hierdie uittreksel verband hou.

5.6.1 Beskryf die belangrikheid van hierdie uittreksel in Beethoven se *Simfonie Nr. 6 in F Majeur Op. 68.*

**Antwoord:**
- Dit vorm die skakel/oorgang tussen die vierde (*Donderstorm*) en vyfde (*Herderslied*) bewegings.
- Dit skep 'n aaneenlopende vloei van musikale idees wat die twee verskillende programmatiese tonele verbind.

*1 punt* (1)

5.6.2 Beskryf TWEE maniere waarop hierdie musiek 'n verandering in stemming teweegbring.

**Antwoord:**
- Die orkestutti aan die begin beeld die einde van 'n dramatiese storm uit, met die laaste donderweer wat in die verte gehoor word.
- Die solo's deur die hobo en fluit (wat die twee bewegings verbind) suggereer die einde van die storm met die terugkeer van 'n kalm atmosfeer na die pastorale toneel.
- Die openingsfrase van vier mate word deur solo-klarinet gespeel en word gevolg deur 'n antwoordfrase van vier mate deur 'n Franse horing, wat die Alpehoring naboots en die terugkeer na 'n vreedsame plattelandse leefstyl oproep.
- Die melodie verteenwoordig 'n volksagtige en vreedsame stemming.
- Die tempo versnel met die openingstema van die klarinet, wat die atmosfeer verander van dreigend na ontspanne.

(2 x 1) (2)

(28 ÷ 2) **[14]**

**TOTAAL AFDELING B: 14**

## AFDELING C: VORMONTLEDING (VERPLIGTEND)

### VRAAG 6

Lees en bestudeer die vrae vir EEN minuut.

Snit 34

Luister na die stuk hieronder terwyl jy die partituur bestudeer.



6.1 Hierdie stuk is in 'n ongewone drieledige vorm. Gee die maatnommers van die moontlike B-seksie.

**Antwoord:**

| SEKSIE | MAATNOMMERS |
|---|---|
| **B** | ✓ ✓<br>Maat $8^4$ – $11^3$ |

(2 x 1) (2)

6.2 Noem EEN manier waarop hierdie B-seksie van 'n tipiese B-seksie verskil.

**Antwoord:**
- Dit is heelwat korter as gewoonlik.
- Dit is slegs 3 mate lank.
- Dit is nie in 'n kontrasterende toonsoort nie.
- Die materiaal verskil nie beduidend van dié van die A-seksie nie.

*1 punt* (1)

6.3 Noem die toonsoort en kadens in maat $7^4$ tot $8^1$.

**Antwoord:**
Toonsoort: A-mol majeur
Kadens: Volmaakte kadens

(2 x 1) (2)

6.4 Benoem die ritmiese middel in maat 7 en 9.

**Antwoord:** Sinkopasie *1 punt* (1)

6.5 D.C. (in maat 11) is die afkorting vir Da Capo. Wat beteken dit?

**Antwoord:** Herhaal vanaf die begin (gewoonlik tot die Fine). *1 punt* (1)

6.6 Trek 'n sirkel om die nie-harmonienoot in maat 6 op die partituur.

**Antwoord:** Sien partituur *1 punt* (1)
**[8]**

**TOTAAL AFDELING C: 8**

**GROOTTOTAAL: 30**

Kopiereg voorbehou